

MIDBRAK BELASTINGBETALERSVERENIGING

NOTULE VAN VERGADERING GEHOU OP 6 NOVEMBER 2012 OM 14:00 IN DIE REEBOK GEMEENSKAPSAAL

NOMMER 10/2012

1. OPENING EN VERWELKOMING

Die vergadering word met gebed geopen deur Frik Nel waarna al die lede welkom geheet word.

2. PRESENSIE

2.1 Teenwoordig

| | | |
|-------------------|----------------------------------|------------------------|
| Anton Dellelijn | Voorsitter | Tergniet |
| Charl Coetzer | | Fraaiuitsig |
| Pieter le Roux | | Kleinbrak |
| Johann Muller | | Reebok (onder spoor) |
| Charl de Wet | | Kleinbrak |
| Kruger de Wet | | Reebokhoogte |
| Frik Nel | | Reebokhoogte / Bewarea |
| Leon Kruger | | Reebokrif |
| Des Muller | | Riverside |
| Terrie Terblanche | | Riverside |
| Dawid Erasmus | | Tergniet |
| Dorothy Barnard | Sekretaris/Tesourier/Notuleerder | |

2.2 Op uitnodiging

| | |
|-----------------------|------------------|
| Raadsheer Kallie Smit | Raadslid – Wyk 4 |
| Raadslid Gibo Gerber | Raadslid – Wyk 5 |
| Rozain Hansen | Munisipaliteit |

2.3 Afwesig met verskoning

| | | |
|-----------------|------------------|----------------|
| Bertie Supra | Munisipaliteit | |
| Abdul Coleridge | Munisipaliteit | |
| Mike Wray | | Tergniethoogte |
| George Nezar | Onder-voorsitter | Tergniethoogte |
| Lavinia Lunow | | Fraaiuitsig |

3. GOEDKEURING VAN NOTULE VAN VORIGE VERGADERING

Die notule van die vorige vergadering word goedgekeur sonder wysigings.

Voorgestel en geseondeer deur mnre Kruger de Wet en Dawid Erasmus.

| ITEM | BESPREKING / BESLUIT | VERANT- WOORDELIK |
|------------|--|----------------------|
| 4. | AANVULLENDE AGENDA | |
| 4.1 | Collab – terugvoer oor onafgehandelde sake | |
| | <p>Rozain word versoek om 'n klagte by die Dienstemoniteringskomitee te registreer dat die Collab stelsel nie in alle gevalle effektief werk nie. Alhoewel teenstrydige insette gelewer word, is die vergadering van mening dat die stelsel nie konsekwent is nie.</p> | Rozain |
| | <p>Die vergadering neem kennis van goeie samewerking van Eden Distriksmunisipaliteit se Rampbestuur beheersentrum oor 'n waterprobleem.</p> | |
| | <p>Gibo onderneem om 'n besoek aan die beheersentrum gedurende 2013 te reël. Sit op aktiwiteitslys vir Februarie 2013. Haal af.</p> | Gibo |
| 4.2 | Aksieplan: Afvuur van klappers gedurende Desember 2012 | |
| | <p>Mike sal die aangeleentheid tydens die Munisipale Seisoenreëlingsvergadering bespreek. Haal af.</p> | |
| 4.3 | Strandbeheer (honde en hengel) | |
| | <p>Sal op die Munisipale Seisoenreëlingsvergadering bespreek word. Plaas op aktiwiteitslys vir Februarie 2013. Haal af.</p> | |
| | <p>Die vergadering neem kennis dat 'n blouvlagstatus loodsprojek vir Kleinbrak beplan word. Rozain word versoek om riglyne aan Frik te stuur vir kennisname.</p> | Rozain |
| | <p>Geen ordonansie bestaan oor verpligte hondelisensies nie. 'n Opvolgskrywe sal aan die Munisipaliteit gestuur word om navraag te doen oor die vordering met ondersoek vir oopstel van strande vir honde.</p> | Dorothy |
| 4.4 | Algemene Jaarvergadering – 17 Desember 2012 | |
| | <p>Kallie onderneem om die jaarvergadering by te woon om navrae deur die publiek te hanteer.</p> | Kallie |
| | <p>Sake wat aandag moet geniet voor die jaarvergadering is:</p> | |
| 4.4.1 | Opstel van agenda | Dorothy |
| 4.4.2 | Voorsittersverslag 2012 | Anton |
| 4.4.3 | Opstel van voorsittersverslag op Powerpoint | Dorothy / Anton |
| 4.4.4 | Finansiële verslaggewing – afsluiting | Dorothy |
| 4.4.5 | Advertensie vir kennisname in Mossel Bay Advertiser | Dorothy |
| 4.4.6 | Aanbring van plakkate op strategiese plekke om inwoners in kennis te stel van vergadering | Charl Coetzer |
| 4.4.7 | Bewarea voorsittersverslag 2012 | Frik |

| ITEM | BESPREKING / BESLUIT | VERANT- WOORDELIK |
|------|---|-------------------------|
| 4.5 | <p>Waterdruk – Reebokrif</p> <p>Aandag is aan waterdrukprobleme in Grysboklaan gegee deur onder andere kleppe te vervang. Mnr Erik Louw het versoek dat dit gemonitor word.</p> <p>Leon sal mnr Jan Marx kontak oor water drukprobleme in Reebokrif en Fraai-Uitsig.</p> | <p>Lede</p> <p>Leon</p> |
| 4.6 | <p>Boustandaarde / Riglyne</p> <p>Die vergadering neem kennis van strydighede met toepassing van bouregulasies met betrekking tot tuinhuse. Leon word gevra om 'n skrywe op te stel en aan Dorothy te stuur vir finalisering.</p> | <p>Leon / Dorothy</p> |
| 4.7 | <p>Opgradering van Kusweg</p> <p>Werk kan nie verder gedoen word alvorens 'n nuwe kontrakteur aangestel is nie. Tender is in proses. Haal af.</p> | |
| 4.8 | <p>Munisipale sms lyn</p> <p>Verwys na item 4.1. Haal af.</p> | |
| 4.9 | <p>Powertown – Huisaanbouing</p> <p>Die vergadering neem kennis van 'n houtstruktuur wat in Powertown opgerig word. Die aangeleentheid is onder Bertie Supra se aandag gebring vir optrede.</p> | |
| 4.10 | <p>Koraalsingel 42</p> <p>Die Bou-inspekteur het die saak met die Munisipaliteit se Regsafdeling bespreek en kennis geneem dat die eienaar 'n gewysigde bouplan vir goedkeuring ingedien het. Kruger vra dat die situasie dringend gemonitor word.</p> | <p>Abdul</p> |
| 4.11 | <p>Verwydering van boumateriaal en rommel op sypaadjie in Reebokrif</p> <p>Leon sal 'n brief aan die Munisipaliteit opstel en aan Dorothy te stuur vir finalisering. Anton onderneem om die bouer, Herman Lombard, daaroor te skakel.</p> | <p>Leon / Dorothy</p> |
| 4.12 | <p>Bewoning van motorhuse / invloei-beheer</p> <p>'n Wye bespreking vind plaas oor mense wat motorhuse bewoon. Anton sal die aangeleentheid met Bertie Supra bespreek en terugvoer aan lede gee.</p> | <p>Anton</p> |

| ITEM | BESPREKING / BESLUIT | VERANT- WOORDELIK |
|--|--|--|
| <p>5.</p> <p>5.1</p> <p>5.2</p> <p>5.3</p> | <p>SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE</p> <p>R102 - Versperring van sig by uitgange</p> <p>Uitgange is nog nie oopgesny soos versoek nie. Anton sal vordering met die werk met mnr Steenkamp bespreek met die versoek dat dit voor die vakansieseisoen afgehandel word.</p> <p>Spoebepperkingsborde sal gedurende November aangebring word.</p> <p>Die vergadering neem kennis van spoedlokvalle wat nie aan wetlike vereistes voldoen nie. Rozain sal dit met mnr Naudé Viljoen opneem.</p> <p>Skoonmaak van sypaadjies: Lede word versoek om name van strate waar sypaadjies behoorlik teruggesny moet word aan Dorothy deur te stuur teen 20 November 2012.</p> <p>Terugvoer oor Munisipale komiteevergadering van 17 Oktober 2012 deur Dawid Erasmus</p> <p>Werking van die komitee word aan die vergadering voorgehou. Dit word baie professioneel aangebied met komplimente aan die Munisipaliteit.</p> <p>Verteenwoordigers is baie goed voorbereid vir die vergadering.</p> <p>Sosiale en ekonomiese ontwikkeling is omvangryk en die Munisipaliteit het groot uitdagings.</p> <p>Algehele indruk was baie goed.</p> <p>Dawid stel voor en vra lede om die munisipale vergaderings by te woon wat baie insiggewend is. Belangstellendes kan die verslae by Dawid kry.</p> <p>Dank en waardering word uitgespreek vir Dawid en Mike se bereidwilligheid om die vergaderings by te woon.</p> <p>Anton onderneem om die vergadering van 21 November – 09:00 by te woon.</p> <p>Webtuise vir die Vereniging</p> <p>Die vergadering besluit dat die webtuise se adres as Midbrakratepayers.co.za geregistreer word. Die aangeleentheid sal tydens die Algemene Jaarvergadering van 17 Desember bespreek word.</p> | <p>Anton</p> <p>Rozain</p> <p>Lede 20 Nov 2012</p> <p>Lede</p> <p>Anton</p> <p>Anton</p> |

| ITEM | BESPREKING / BESLUIT | VERANT- WOORDELIK |
|-------|--|---|
| 6. | PROJEKTE | |
| 6.1 | <p>Verkeerstekens, ontbrekende straatname, spoedbeperkings/-monitering</p> <p>Lede word versoek om volledige inligting oor klagtes aan Frik deur te gee. Projekte waarvoor Frik verantwoordelik is sal per e-pos aan admin@mosselbay.gov.za gestuur word met 'n elektroniese afskrif aan Rozain by rhansen@mosselbay.gov.za.</p> | Frik |
| 6.2 | <p>Skoonmaak van erwe</p> <p>Slegs twee uitstaande erwe. Verder geen ernstige probleme nie.</p> | |
| 6.3 | Rampbestuur | |
| 6.3.1 | <p>Ramp Risiko-verminderingplan vir Groter Mosselbaai</p> <p>Risiko's in gebiede is bepaal en word dit op 29 November finaal aan die Raad voorgelê waarna 'n proses van publieke deelname sal volg.</p> | Gibo |
| 6.3.2 | <p>Klein-Brakrivier Rampgebeurlikheidsplan</p> <p>Terrie en Des is dit eens dat bestaande planne verouderd is. Insette/voorstelle moet in samewerking met die brandweerhoof opgestel word.</p> <p>Daar was reeds twee voorvalle wat bewys het dat die bestaande gebeurlikheidsplan nie werk nie. Pro-aktiewe optrede is dringend nodig en daar word versoek dat 'n vergadering met mnr Johnson plaasvind sodat voorstelle bespreek word. Gibo onderneem om mnr Johnson in kennis te stel dat Des hom sal kontak sodat 'n vergadering met hom gereël word.</p> | Des / Terrie Gibo / Des / Terrie |
| 7. | <p>FINANSIES</p> <p>Banksaldo R19 730,89 en kontant voorhande (R54,76).</p> | Dorothy |
| 8. | <p>POLISIËRING / BUURTWAG</p> <p>Johann Muller versoek lede om die teenwoordigheid van onbekende persone in die gebied aan die Polisie te rapporteer.</p> | |
| 9. | BEWAREA | |
| 9.1 | <p>Inligtingskantoor by Klein-Brakrivier</p> <p>Enkele belangstellendes het kontak gemaak, maar is ongelukkig nie aktiewe persone nie. Dit is belangrik dat persone wat betrokke wil raak aktief is en wat rondbeweeg in die gebied.</p> <p>Rozain word versoek om op te volg wanneer voorwaardes vir oprigting van 'n inligtingskantoor ontvang sal word.</p> | Rozain |

| ITEM | BESPREKING / BESLUIT | VERANT- WOORDELIK |
|--------|---|----------------------|
| 10. | PLAASLIKE SAKE | |
| 10.1 | Fraaiuitsig Charl sal September se rapporteringsverslag nagaan teen terugvoere reeds ontvang. | Charl Coetzer |
| 10.2 | Klein-Brakrivier | |
| 10.2.1 | <i>Parkeerterrein naby Treinbrug in Beyersstraat</i> Charl meld van 'n inwoner wat op eie initiatief die probleem probeer oplos. Dit mag moontlik teenstrydig met munisipale regulasies wees en Rozain word versoek om dit onder die verantwoordelike amptenaar se aandag te bring. | Rozain |
| 10.2.2 | <i>Herstel van pad na hengelgebied / parkeerarea</i> Nog nie herstel nie. Rozain sal opvolg. | Rozain |
| 10.3 | Reebok | |
| 10.3.1 | <i>Noord van die spoorlyn</i> Geen verslaggewing nie. | |
| 10.3.2 | <i>Suid van die spoorlyn</i> Geen probleme nie. | |
| 10.4 | Reebokhoogte Geen verdere sake vir bespreking nie. | |
| 10.5 | Rebokrif Geen verdere sake vir bespreking nie. | |
| 10.6 | Riverside | |
| 10.6.1 | <i>Chemiese toilette by rugbyveld en publieke ontspanningsarea</i> Dorothy sal die konsep motivering aan die Munisipaliteit stuur. | Dorothy |
| 10.6.2 | <i>Eienaarskap van rugbyveld</i> Word aangespreek onder item 10.6.2. Haal af. | |
| 10.7 | Tergniet Geen probleme nie. | |
| 10.8 | Tergniethoogte Geen probleme nie. | |

